HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE:
Westhovenstraat 1
PAARL 7646
Tel.nr. / no. (021) 860 3750
Faks / Fax (021) 860 1134

**OKTOBER 2024**

AAN ALLE GRAANPRODUSENTE

**INNAME VAN GRAAN : 2024/25-SEISOEN**

Geagte Produsent

Ten einde Agrimark Grain in staat te stel om die graanoes suksesvol te kan inneem, versoek ons u graag om die meegaande skrywe te lees. Ons wil u graag op hoogte hou van die nuutste reëlings ten einde die oestyd so foutloos moontlik saam met u te kan afhandel.

Sterkte en voorspoed met die komende oes!

Groete

PL Coetzee

LOUIS COETZEE
OPERASIONELE BESTUURDER: GRAAN & SAAD

**AGRIMARK GRAIN OES INNAME PROSESSE**

Agrimark Grain is ‘n afdeling van Agrimark Operations Ltd. Ons wil graag die volgende aspekte met betrekking tot die 2024/25 oes inname met u kommunikeer:

## 1. SILOTARIEWE (KORING)

### 1.1. Seisoen 2024/25:

Die **hanteringskoste** beloop **R65/ton** en word eers einde **Desember 2024** gefaktureer.

**Opbergingskoste** beloop **R1,35/ton/dag** en word gehef vanaf 19 November 2024 en staak met die oorplasing van die graan na kontrakte of die onttrekking van die graan of tot 15 Mei 2025 (uitgesluit Vredenburg Silo – 31 Maart 2025), welke ookal eerste geskied. Derhalwe moet u oorplasings vanaf privaatopberging na kontrakte, wat reeds gekontrakteerde graan betref, teen 19 November afhandel ten einde dagstoorkoste te vermy. Fakturering van stoorkoste sal maandeliks geskied. Met die uitreiking van Safex sertifikate word Safex se opbergingstarief gehef vanaf die datum van uitreiking tot die datum waarop graan versend word. Alle genoemde tariewe sluit BTW uit.

### 1.2. Ou seisoen 2023/24

Die 2024/25 dagtarief van R1,35/ton/dag sal van toepassing wees op alle ou seisoen voorrade soos op 1 Oktober 2024.

**Alle genoemde tariewe sluit BTW uit.**

## 2. KORINGONTVANGSTE

### 2.1. Gradering en ontvangste van koring

Bepaling van koring se hektolitermassa word op ’n **gesifte monster** gedoen. Verder sal die gradering plaasvind soos beskryf in die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No.119 van 1990) soos aangepas en gewysig tot en met die datum van die nuutste publikasies in die Staatskoerant.

Hier volg die gradering van broodkoring en Klas Ander soos vanaf 1 Oktober 2022:

| HEKTOLITER-MASSA (kg/hl) | PROTEÏEN-INHOUD | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | >of =12,5 | 12,4 - 11,5 | 11,4 - 10,5 | 10,4 - 9,5 | 9,4 - 8,5 |
| | | | | | |
| >of=76,0 | SG | B1 | B2 | B3 | KA |
| | | | | | |
| 74,0 - 75,9 | B3 | B3 | B3 | B3 | KA |
| | | | | | |
| 72,0 - 73,9 | KA | KA | KA | KA | KA |

**Neem Kennis: Nie geregistreerde chemiese stowwe en residu op/in graan mag groot finansiële implikasies tot gevolg hê indien dit met ander grane in ’n silobuis vermeng word. Indien u vermoed dat chemiese stowwe/residu op/in u graan kan voorkom, moet u asseblief u depotbestuurder hiervan verwittig alvorens die graan in die silo’s gelewer word. Agrimark Grain behou homself die reg voor om monsters van vragte wat gelewer word, hiervoor te toets.**

## 2.2 Leweringsopdrag

Produsente kan oor veelvoude van koringkontrakte met verskillende kopers beskik. Derhalwe is dit noodsaaklik dat u ‘n leweringsopdrag saam met elke vrag aan u silo gee. Leweringsopdragboekies is by silo’s beskikbaar. Elke besending koring moet vergesel word van ‘n leweringsopdrag.

Indien die vereiste tonnemaat op ’n kontrak gelewer is, sal alle verdere vragte en/of gedeeltes van vragte teen ‘n volgende kontrak met die oudste datum aangewend word. Indien aan alle kontrakte se leweringsvereistes voldoen is, sal verdere lewerings outomaties op privaatopberging gestoor word.

## 2.3 Graanopbergooreenkoms / Graankoopkontrak

Alle produsente wat graan in die silo’s gaan lewer moet ’n **Graanopbergingsooreenkoms** teken. Produsente wat graan aan Agrimark Grain gaan verkoop moet ’n **Graankoopkontrak** teken. Kontak vir **Alisha Bester** of **Awie Kriel** of u **naaste silo** in dié verband (sien kontakbesonderhede aangeheg).

## 2.4 Oordragte/Silosertifikate

Graan wat eers op **privaatopberging** gelewer word, word in opdrag van die produsent na ‘n kontrak of silosertifikate oorgedra. Vorms om die oordragte te magtig kan by u naaste depot of Agrimark Grain se kantoor te Malmesbury voltooi word. Uitreikkoste van elektroniese silosertifikate beloop R4,25 per ton.

## 2.5 Leweringstye

Amptelike leweringstye is van Maandag tot Saterdag: 07:00 tot 19:00, maar voormelde tye is aanpasbaar na gelang van spesifieke behoeftes van kliënte. Hierdie leweringstye sal van tyd tot tyd per depot per **SMS** of **Whatsapp** aan graanprodusente gekommunikeer word. Ons ontvang graag u koring en sal daarom u leweringsbehoeftes so ver moontlik akkommodeer.

## 2.6 Lewering van Klas Ander en Voer grade

Dit is moontlik dat vragte in die komende seisoen na bogenoemde graad afgradeer moet word weens verskeie faktore. Produsente moet seker maak dat hul drywers weet wat om te doen indien ‘n vrag koring afgegradeer word. Indien die drywer nie opdrag het om die vrag te lewer nie, sal die vrag teruggestuur word.

## 2.7 Ontvangste van diverse produkte

Agrimark Grain koop diverse produkte volgens behoefte op ’n voorskot- of vasteprys basis aan. Kontak vir **Dewald Burger** in dié verband (sien kontakbesonderhede aangeheg). **Losmaat opberging** vir dié produkte byvoorbeeld hawer, gars, lupiene, korog en canola sal weer vanjaar **by sekere** van Agrimark Grain se **depots/silo’s** gedoen word. Produsente moet hulself vergewis by watter depots die produkte hanteer gaan word. Kontak asseblief vir Alisha Bester (sien kontakbesonderhede aangeheg) **alvorens** hawer, korog, soetlupiene, voergars, rog of canola gelewer gaan word, anders gaan die graan nie op die stelsel ontvang kan word nie.

Agrimark Grain maak vanjaar weer voorsiening om ondergenoemde grane by die onderskeie silo's op te berg:

| | |
|---|---|
| Hawer (Voergraad): | Pools silo |
| Hawer (Grd 1): | Malmesbury silo |
| Korog: | Darling silo |
| Soetlupiene: | Darling, Eendekuil, Piketberg |
| Canola: | Halfmanshof, Riebeek Wes, Malmesbury (slegs deurvoer), Klipheuwel, Darling |

Beperkte tonnemaat vir lewering van canola op privaatopberging (uitgesluit lewerings vir Soill) is beskikbaar by die volgende silo's:

| | |
|---|---|
| Halfmanshof | 1 952 mt |
| Riebeek Wes | 774 mt |
| Klipheuwel | 2 260 mt |
| Darling | 1 054 mt |

Die lewering van canola op privaat opberging sal op 'n "first-come-first serve" basis bestuur word. Stoorkostes vir lewerings op privaatopberging word van produsent verhaal.

Indien u 'n behoefte het om ander grane op te berg, kontak asseblief vir Awie Kriel in die verband

### 2.8 Voertuie en losmaatbakke

Maak asseblief seker dat u voertuie se bakke maklik oop- en toemaak, sodat dit nie vertragings tydens die aflaaiproses meebring nie. Graag wil ons 'n beroep op u doen dat aflaaibakke selfledigend moet wees ten einde die aflaaiproses te bespoedig. Uit 'n voedselveiligheids oogpunt wil ons u ook graag versoek om olielekke aan leweringsvoertuie voor oestyd te herstel ten einde kontaminasie van graan tydens die aflaaiproses te voorkom.

### 2.9 Massa-aansuiwering

Koring se massa-aansuiwering is as volg vir die grade SG, B1, B2, B3 en Klas Ander :

| % Sifsels, normale vogverliese en onsuiwerhede | Massa-aansuiwering |
|---|---|
| 0,0 tot 2,0 | 0,5% |
| 2,1 en hoër | Aanpassing na 1,5% |

Koringlewerings met ‘n sifselinhoud van meer as 7,5% is aan ‘n addisionele skoonmaakkoste onderhewig (sien onderstaande tabel).

| Sifselinhoud | Kostes |
|---|---|
| 7,6% tot 10% | Massa aansuiwering + R55/t skoonmaakkoste |
| 10,1% tot 12,5% | Massa aansuiwering + R100/t skoonmaakkoste |
| 12,6% tot 15% | Massa aansuiwering + R125/t skoonmaakkoste |

Die meeste silo’s beskik oor skoonmakers wat gebruik word om sifsels, tydens die uitlaaiproses, uit koring te verwyder. Voormelde is die rede waarom produsente toegelaat word om koring met ’n sifselinhoud van meer as 3% te lewer.

### 2.10 Nat koring

By die silo te Darling, waar ‘n graandroër geïnstalleer is, kan koring met ‘n voginhoud van 13,1% tot 16% ontvang word.

Toerusting om graan te deurlug, is in sekere buise te Porterville, Riebeek-Wes, Ruststasie, Malmesbury en Klipheuwel geïnstalleer. Dit is gedoen ten einde koring met ‘n voginhoud van tot 15% te ontvang (onderhewig aan kapasiteit beskikbaar).

**Produsente moet hulself vergewis van die koste verbonde aan die droging/deurlugting by die onderskeie silo’s alvorens koring bo 13% vog gelewer word.**

### 2.11 Silodienstariewe 2024/25

Hierby aangeheg die silodienstariewe vir die 2024/25 seisoen.

## 3. SIFSELVERKOPE BETALING

Die betaling van ‘n gedeelte van die sifselverkope sal voortgaan soos gewoonlik.

## 4. PADVERKEERSWET

Die wysigings aan die Wetgewing met betrekking tot die Versender en Ontvanger van goedere wat op openbare paaie vervoer word is vanaf 31 Januarie 2015 in werking en is van toepassing op ‘n persoon of instansie wat meer as 500mt goedere per maand ontvang of versend wat op ‘n openbare pad vervoer word.

Dit sluit die volgende in:

Goedere mag nie gelaai of ontvang word indien die voertuig waarop dit gelaai is, nie volgens die voorskrifte van die Wet gelaai is nie;

Die vervoerkontrakteur moet aan die Ontvanger/Versender van die vrag 'n skriftelike bewys gee van wat die wettige laaimassa (totale vrag en as-kombinasies) van die betrokke voertuig is;

Die Versender moet bewys kan lewer dat hy die nodige stappe geneem het om die voertuig binne die voorskrifte van die Wet te laai.

Die Versender of Ontvanger moet alle redelike stappe neem ten einde die oorlaai van 'n voertuig te verhoed en in die geval van 'n vervolging moet die Versender of Ontvanger bewys kan lewer van stappe wat gevolg is ten einde te verhoed dat 'n voertuig oorlaai word.

## 5. INLIGTING VIA DIE AGRIMARK AANLYN PORTAAL

Maak gerus gebruik van Agrimark Operations Ltd se "Account & Grain Portal" vir lewendige rekening-en-voorraadinligting.

https://www.kalgroup.co.za/sign-on .

### 5.1 Registrasie

Registrasie vorms kan by financialservices@kaapagri.co.za of grainportal@kaapagri.co.za aangevra word. Kontak gerus u Kredietbestuurder of Bertie Pretorius (022-482 8165) indien u hulp hiermee benodig.

### 5.2 Inligting beskikbaar

#### 5.2.1 Graan Portaal

- Opsomming van produsentelewerings
- Leweringsinligting tot op datum
- Graanvoorraad verslae
- Getekende kontrakte en kontraklewerings tot op datum
- Opbrengs/ha
- Afrekeningstate

#### 5.2.2 Rekening Portaal

- Rekening limiete
- Maandstate
- Aankope inligting
- Fakture en Silokoste faktuur inligting

#### 5.2.3 Graan versoeke

- Versoek vir uitreik van uitlaai instruksies
- Versoek vir die kanselleer van 'n uitlaai Instruksie
- Versoek vir oordrag van voorraad
- Versoek vir uitreik van Silo/ESC sertifikate

## 6. BETALING VAN GRAAN GEKONTRAKTEER MET AGRIMARK GRAIN.

### 6.1 Betaalreëlings

Alle betalings geskied elektronies en beskikbare fondse word op ‘n weeklikse basis betaal. Betalings word vanaf die Malmesbury kantoor gedoen en produsente wat spesiale reëlings wil tref kan vir Bertie Pretorius kontak (sien kontakbesonderhede aangeheg).

Betalings sal eers geskied nadat leweringsverpligtinge ten opsigte van ’n bepaalde kontrak afgehandel is.

### 6.2 Afwenteling teen Agrimark Operations-rekening

Graanlewerings op Agrimark Grain kontrakte se opbrengs gaan outomaties teen u Agrimark Operations-rekeningbalans(e) afwentel. Produsente wat verkies dat hul graanbetalings nie afwentel nie, moet so 'n versoek vroegtydig aan hul onderskeie Agrimark Financial Services-afdeling rig. Let asseblief daarop dat reëlings wat ten opsigte van vorige seisoene getref is, weer op voormelde grondslag hersien moet word.

## 7. HEFFINGS

### 7.1 Vrywillige heffing

- **Graan SA - Heffing (GSA)**

  Agrimark Grain is bereid om Graan SA behulpsaam te wees met die invordering van die heffing. Vorms om die vordering van die bedryfsheffing te magtig, is by Bertie Pretorius of u naaste depot beskikbaar. Produsente wat reeds die vorige jaar skriftelike toestemming vir die vordering van die bedryfsheffing gegee het, hoef nie weer sodanige vorm te onderteken nie.

### 7.2 Statutêre-heffings

- **Teler-en-Tegnologie Heffing (SACTA)**

  Rolspelers in die bedryf het, deur die Koringforum, die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye versoek om ‘n addisionele statutêre heffing op koring, gars, hawer en lupiene in te stel met die doel om telers van koring-, gars-, hawer- en lupienkultivars te vergoed vir hulle bydrae tot verkryging en benutting van verbeterde internasionale landbouverwante intellektuele eiendom tot voordeel van die koring- en garsbedryf in Suid Afrika. Die heffings sal van toepassing wees op koring, gars, hawer en lupiene wat in die Republiek van Suid Afrika geproduseer word en word gehef by die eerste punt van verhandeling van die grane.

| | |
|---|---|
| Koring | R34.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |
| Gars | R34.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |
| Hawer | R34.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |
| Lupiene | R35.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |

- **Suid-Afrikaanse Wintergraan Heffing (SAWCIA)**

  Die minister van Landbou het op 27 September 2024 die destydse vrywillige heffing as statutêre heffing vasgestel. Die doel en oogmerke van hierdie statutêre maatreël is om finansiële ondersteuning aan wintergraan inligting, navorsing, en transformasie funksies, wat in die wintergraan bedryf as noodsaaklik en in belang van die bedryf geidentifiseer is, te ondersteun. Voortdurende verskaffing van generies markinligting aan alle rolspelers is van kritieke belang vir die mark om doeltreffend te funksioneer.

Die heffings sal van toepassing wees op koring, gars en hawer wat in die Republiek van Suid Afrika geproduseer word en word gehef by die eerste punt van verhandeling van die grane.

| | |
|---|---|
| Koring | R12.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |
| Gars | R12.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |
| Hawer | R10.00 per metrieke ton *(BTW uitgesluit)* |

## 8. GRAANVERHANDELING

Dit bly Agrimark Grain se strewe om die produsent se grootste vennoot in die Landbou te wees. Daarom is Agrimark Grain aktief by die bemarking van produsente se koring en ander produkte betrokke. Hierdeur wil ons verseker dat ons produsente die beste moontlike prys vir hulle graan kry.

### 8.1 Agrimark Grain se basiese Bemarkingsalternatiewe vir koring

- **Vasteprys vooruitkontrakte**
  Agrimark Grain bied voor en gedurende oestyd deurlopend koringpryse vir produsente aan. Hierdie pryse is weeksdae tussen 09:00 en 12:00 beskikbaar.

- **Minimumprys kontrakte**
  Hierdie kontrak waarborg 'n minimumprys vir koring gedurende oestyd gelewer, maar bied terselfdertyd volle deelname aan 'n stygende mark. 'n Kontrak waar produsente steeds in 50% van 'n stygende mark deel, maar waarvan die minimumprys hoër is (as die minimumprys kontrak), is ook beskikbaar.

- **Uitgestelde prysingskontrakte**
  Die opsie bied aan die produsent die geleentheid om sy graan na Desember te prys, maar vir geen verdere silokoste aanspreeklik sal wees vanaf die datum van die transaksie nie.

- **Spotpryse**
  Agrimark Grain bied gedurende en na oestyd deurlopend kontantpryse by sy silo's aan vir koring wat reeds op die produsent se naam gelewer is en nog gelewer moet word. Hierdie pryse is ook weeksdae tussen 09:00 en 12:00 beskikbaar.

- **Mandate/Teikenpryse**
  Produsente vertrou 'n spesifieke tonnemaat aan Agrimark Grain toe om teen 'n voorafbepaalde prys, sou die geleentheid hom voordoen, te verkoop.

  Aangesien die bemarkingsomgewing gedurig verander is daar deurlopend alternatiewe verhandelingsopsies beskikbaar. Skakel ons gerus met u bemarkingsbehoeftes.

  Agrimark Grain voorsien op 'n daaglikse basis pryse aan produsente deur middel van 'n Whatsapp boodskap. Indien u dit nie ontvang nie, kontak ons asseblief in die verband.

### 8.2 Ander grane

Hawer, korog, voergars, soet lupiene en canola sal weer vanjaar aangekoop word. Pryse sal so gou moontlik per SMS of whatsapp beskikbaar gestel word.

## 9. SAADAANGELEENTHEDE

### 9.1. Saad bestellings

Dit is belangrik dat produsente saadbestellings (saadbestellys aangeheg) voor 31 Desember 2024 by ons kantoor op Malmesbury plaas of by die saadafdelings te Porterville, Malmesbury, Darling, Ceres en Graafwater. Hierdie reëling vergemaklik beplanning ten opsigte van die voorsiening van saad. Rig alle navrae aan Johan Truter (sien kontakbesonderhede aangeheg). Produsente word vriendelik versoek om hul saadbehoeftes noukeurig te bepaal en nie te veel of verkeerde kultivars te bestel nie, aangesien 'n 10% hanteringsfooi gehef sal word op alle saad wat teruggebring word (sien 9.5).

### 9.2. Saad afhaal

Produsente word versoek om hul saad so vroeg as moontlik af te haal. Saaddebiete sal eers op u **Mei rekeningstaat verskyn** en **rente op die saad sal derhalwe eers vanaf Junie 2025 gehef word. Saad van sekere kultivars sal reeds voor einde Februarie 2025 beskikbaar wees.**

### 9.3. Saad beskikbaarheid

Alle saad wat moontlik beskikbaar sal wees word op die aangehegte bylae aangetoon (sien saadkultivar beskikbaarheidslys aangeheg). Produsente wat in kultivars belangstel wat nie hierop verskyn nie, moet asseblief vroegtydig die nodige reëlings tref.

### 9.4. Saad Kwaliteite

Enige klagtes aangaande die gehalte van saad moet onmiddellik na ontvangs gerapporteer word en nie nadat saad reeds gesaai/-plant is nie.

### 9.5. Ongebruikte saad

Beperkte hoeveelhede skoongemaakte saad sal tot **30 Junie 2025** teen saadprys **min 'n hanteringsheffing van 10%** teruggeneem word. Ons wil produsente egter versoek om ongebruikte saad so spoedig moontlik terug te bring, aangesien ander produsente dit mag benodig. Agrimark Grain neem egter geen **voergraan,** wat deur die saadafdeling aan u verkoop is, terug nie.

### 9.6. Saad aanlegte

Saad sal by die saadaanlegte op Malmesbury, Darling en Porterville beskikbaar wees. Saadbestellings sal ook by Ceres en Graafwater gelewer word.

### 9.7. Skoonmaak en behandeling van produsentesaad

Agrimark Grain **verwerk produsentesaad** en bestellings kan by Porterville-, Malmesbury- en Darling saadafdeling of Johan Truter geplaas word verkieslik voor 30 Desember 2024.

- Die diens behels die volgende:
  - Skoonmaak van produsentesaad
  - Insekbehandeling
  - Swambehandeling
  - Afsak (verpakking) van die saad

- <u>Die volgende Produkte word verwerk:</u>
    - Erte
    - Gars
    - Hawer
    - Koring
    - Korog
    - Lupiene

U is ook welkom om Johan Truter te kontak insake vervoer/aflewering van saad.

### 9.8 Saadbron

Dit is belangrik dat u deeglik oor die saadbron en die ouderdom (generasie) van die saad wat gesaai/geplant gaan word, moet besin. Agrimark Grain se gesertifiseerde saad word jaarliks deur geselekteerde saadkwekers (moet aan SANSOR voorskrifte voldoen) vermeerder. Die saadbron van hierdie vermeerderings is vroeë generasie materiaal (basissaad) wat <u>elke jaar</u> (al is dit 'n ouer kultivar soos SST015) by saadmaatskappye soos Sensako aangekoop word. Agrimark Grain gesertifiseerde saad is dus jong generasie, kultivarsuiwer saad. Kultivareienskappe soos siekteweerstand figureer dus baie sterk in dié saad. Hoe ouer die generasie is (word verkry deur jaar na jaar dieselfde saad oor en oor te plant), hoe minder kan staatgemaak word op kultivarsuiwerheid en –eienskappe soos siekteweerstand. Opbrengsverliese as gevolg van die saai/plant van lae kwaliteit saad kan nie tydens die produksieproses reggemaak word nie. Dit is derhalwe raadsaam om minstens een kultivar per jaar <u>gesertifiseerde saad</u> te saai/plant.

**AGRIMARK OPERATIONS LTD ( AGRIMARK GRAIN )**
**SAAD KULTIVAR BESKIKBAARHEIDSLYS 2025**

**KORING**

| | |
|---|---|
| SST 015 | |
| SST 0166 | |
| SST 0187 | |
| SST 0208 | |

**KOROG**

| | |
|---|---|
| AG BEACON | |
| GRAAD EEN | |

**CANOLA**

| | |
|---|---|
| HYOLA 91117 | |
| HYOLA 90014 | |
| Continuum CL | |
| Solstice CL | |
| Equinox CL | |
| Blazer TT | |
| Defender CT | |
| Alpha TT | |
| CERES CL | |
| Trophy TT | |
| Trifecta TT | |
| Velocity TT | |
| Daimond | |
| Quarts | |

**MEDICS**

VERSKEIE KULTIVARS

**HAWER**

| | |
|---|---|
| PALLINUP | |
| DUNNART | |
| SSH 4185 | |
| SSH 4186 | |
| GRAAD EEN | |

**GARS**

| | |
|---|---|
| SVG 13 | |
| SKG 9 | |
| GRAAD EEN | |

**ROG**

| | |
|---|---|
| DUIKER MAX | |

**LUPIENE**

| | |
|---|---|
| SOET MANDELUP | |
| BITTER SSL 10 | |
| Soet Coyote | |

**SERRADELLA**

VERSKEIE KULTIVARS

**KLAWERS**

VERSKEIE KULTIVARS

Kontak Johan Truter indien u n behoefte het aan enige Saad wat nie op hierdie lys verskyn nie.
Telnr. 022 482 8046 of 083 303 5328 : Epos : johan.truter@agrimark.co.za

| AGRIMARK GRAIN: CONTACT DETAILS | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Details** | **Contact Person** | **Int.Short no** | **Telephone** | **Cellphone** | **Email** |
| **Division Managers** | | | | | |
| **Operations Manager: Grain & Seed** | Louis Coetzee | 8045 | 022 482 8045 | 071 680 0515 | louis.coetzee@agrimark.co.za |
| **Senior Manager: Commodities and Services** | Awie Kriel | 5014 | 022 931 8337 | 083 286 2506 | akriel@agrimark.co.za |
| **Snr Manager - Grain Trading** | Dewald Burger | 8035 | 022 482 8035 | 082 900 8736 | dewald.burger@agrimark.co.za |
| **Grain Depots** | | | | | |
| **Ceres** | Vakant | 5267 | 065 820 0282 | | |
| **Darling** | Louis Erasmus | 5174 | 022 492 2774 | 082 954 2050 | lerasmus@agrimark.co.za |
| **Eendekuil** | Brandon (Klippies) Smit | 5589 | 022 942 1072 | 076 108 1781 | brandon.smit@agrimark.co.za |
| **Gouda** | Juneen Erasmus | 5107 | 023 232 0132 | 079 631 2530 | juneen.erasmus@agrimark.co.za |
| **Graafwater** | Tian Botha | 5348 | 027 422 1002 | 082 610 4466 | tian.botha@agrimark.co.za |
| **Halfmanshof** | Andre du Preez | 5023 | 022 931 2796 | 079 253 3900 | andre.dupreez@agrimark.co.za |
| **Klipheuwel** | Charl Marais | 5590 | 022 913 1009 | 079 536 6375 | charl.marais@agrimark.co.za |
| | Annette Randall | 5175 | 021 971 1811 | 083 301 1138 | annette.randall@agrimark.co.za |
| **Landplaas** | Marietjie Smit | | 027 2171367 | 073 290 8467 | marietjie.smit@agrimark.co.za |
| **Malmesbury** | Bouwer Rall | 8149 | 022 482 8149 | 082 877 4808 | bouwer.rall@agrimark.co.za |
| | Carina du Plessis | 8148 | 022 482 8148 | | carina.duplessis@agrimark.co.za |
| **Doornkuil Bunker** | Bouwer Rall | | 081 474 7229 | 082 877 4808 | bouwer.rall@agrimark.co.za |
| **Piketberg** | JJ Rademan | 5590 | 022 913 1009 | 084 996 5172 | jj.rademan@agrimark.co.za |
| **Pools** | Leon (Gammat) Davids | 5334 | 022 913 2093 | 066 267 7689 | leon.davids@agrimark.co.za |
| **Porterville** | Charles Williams | 5590 | 022 931 8308 | 082 571 5005 | charles.williams@agrimark.co.za |
| **Riebeek Wes** | Dewald Zeelie | 5177 | 022 461 2338 | 083 710 9947 | dewald.zeelie@agrimark.co.za |
| **Ruststasie** | Kobus Duminy | 8199 | 022 482 8199 | 084 549 2425 | kobus.duminy@agrimark.co.za |
| **Vredenburg** | Aubrey Marthinus (Risikobestuur) | 5176 | 022 713 1912 | 082 716 2388 | aubrey.marthinus@agrimark.co.za |
| **Maintenance** | | | | | |
| **Malmesbury** | Wilhelm van Wyk | | 022-486 4063 | 083 210 0615 | wilhelm.vanwyk@agrimark.co.za |
| **Malmesbury** | Gerbie van Wyk | | 022-486 4063 | 060 950 9217 | gerbie.vanwyk@agrimark.co.za |
| **Grain Administration** | | | | | |
| **Malmesbury** | Bertie Pretorius | 8165 | 022 482 8165 | 082 323 7926 | bertie.pretorius@agrimark.co.za |
| **Malmesbury** | Elzahn Ontong | 8033 | 022 482 8033 | 071 862 1522 | elzahn.ontong@agrimark.co.za |
| **Malmesbury** | Alisha Bester | 8127 | 022 482 8127 | 078 803 1033 | alisha.bester@agrimark.co.za |
| **Grain Procurement** | | | | | |
| **Malmesbury** | Angeline van Zyl | 8032 | 022 482 8032 | 083 446 6858 | angeline.vanzyl@agrimark.co.za |
| **Malmesbury** | Jacobus Brand | 8031 | 022 482 8031 | 076 732 9706 | jacobus.brand@agrimark.co.za |
| **Porterville** | Maretha Kotze | 5044 | 022 931 8347 | 079 509 3449 | maretha.kotze@agrimark.co.za |
| **Vredenburg** | Johan Jacobs (Potato Seed) | | 022 719 1478 | 082 314 4114 | johan.jacobs@agrimark.co.za |
| **Seed** | | | | | |
| **Malmesbury** | Johan Truter | 8046 | 022 482 8046 | 083 303 5328 | johan.truter@agrimark.co.za |

AGRIMARK GRAIN

# SILODIENSTARIEWE VIR DIE 2024/2025-SEISOEN

| | SILODIENSBESKRYWING | Graan | Beskrywing | 2024/25 |
|---|---|---|---|---|
| 1 | **Hantering** | Koring | Alle ontvangspunte | R65,00 per ton |
| | | Lupiene, hawer, korog, gars, rog | Waar van toepassing | R65,00 per ton |
| | | Mielies (1 May 2024- 30 April 2025) | Waar van toepassing | R50,00 per ton tot 30 Apr 2025 |
| | | Safex sertifikate | Alle silo's uitgesluit Vredenburg silo | R65,00 per ton |
| 2 | **Opberging** | Koring | vanaf 19 Nov 2024 | R1.35 per ton per dag |
| | | | Plafondatum: Alle silo's uitgesluit Vredenburg | 15 Mei 2025 (Vredenburg Silo - 31 Maart 2025) |
| | | | Safex sertifikate | Safex tarief per ton per dag vir 2024-25 vanaf uitreik |
| | | Lupiene, hawer, korog, gars, rog | vanaf 19 Nov 2024 | R1.35 per ton per dag |
| | | | Plafondatum | 15 April 2025 |
| | | Canola | Jaartarief (tarief sluit hantering in) - Betaalbaar deur produsent | R230,00 per ton |
| | | Mielies (1 May 2024 - 30 April 2025) | Dagtarief | R1,05 per ton per dag tot 30 Apr 2025 |
| | | | Jaartarief (uitgesluit hantering) | R85,00 per ton tot 30 Apr 2025 |
| 3 | **Oordragtarief na 30 September** | Alle graan, uitgesluit mielies | Alle silo's | Dagtarief vir 2024/25-seisoen hervat vanaf 1 Oktober 2024 |
| 4 | **Massabepaling, monsterneming,gradering(R/ton)** | Alle graan | Vrag word nie afgelaai nie | Op Aanvraag |
| 5 | **Massabepaling** | Alle vragte | Per as met maksimum tot 4 aste | R39,13 per as |
| 6 | **Gradering van monster uitgesluit valgetal:** | Alle graan | Graanmonster deur klant voorsien | Gratis |
| 7 | **Valgetalbepaling** | Koring | Koringmonster deur klant voorsien | R108.69 per monster |
| 8 | **Skoonmaak van graan** | Rog, korog, hawer, gars, koring | Graafwater, Ceres, Vredenburg, Eendekuil | R450,00 per ton |
| 9 | **Skoonmaak van graan** | Lupiene | Graafwater, Ceres, Vredenburg, Eendekuil | R465,00 per ton |
| 10 | **Skoonmaak van graan (Siloskoonmakers, sluit hantering in)** | Koring, rog, hawer, mielies | Alle silo's uitgesluit Vredenburg, Graafwater, Ceres | R140,00 per ton |
| 11 | **Uitsak van losmaatgraan in sakke (tarief sluit nie sakke in nie)** | Koring, hawer,mielies, rog, soetlupiene | Op navraag | Op Aanvraag |
| 12 | **Uitreik van papier silo-sertifikate op versoek van klant** | | Adminkantoor Malmesbury | R3,00 per ton |
| 13 | **Uitreik van elektroniese silosertifkate op versoek van klant** | Koring | Adminkantoor Malmesbury | R4,25 per ton |
| 14 | **Voorraadoordrag vanaf privaatopberging na bemarkingskontrak** | Alle graan | Adminkantoor Malmesbury / Porterville | Gratis |
| 15 | **Voorraadoordrag tussen graankopers/-eienaars** | Alle graan | Adminkantoor Malmesbury | R3,00 per ton |
| 16 | **Konsolidasiefooi** | Alle graan | Adminkantoor Malmesbury | Gratis |
| 17 | **Voorraadruilings(Swops)** | Alle graan | Adminkantoor Malmesbury | Gratis |
| 18 | **Droging van graan:** | | met 0,50% | R165,00 per ton |
| | | | met 1,00% | R175,00 per ton |
| | | | met 1,50% | R185,00 per ton |
| | | | met 2,00% | R195,00 per ton |
| | | | met 2,50% | R205,00 per ton |
| | | | met 3,00% | R215,00 per ton |
| 19 | **Deurlugting van koring:** | Porterville; Riebeek Wes; Ruststasie; Klipheuwel; Malmesbury | 13,1 - 14,0% | R50,00 per ton |
| | | | 14,1 - 15,0% | R65,00 per ton |
| 20 | **Verhuring van stoorruimte** | | Landplaas, Eendekuil, Porterville, Malmesbury, Ruststasie, Vredenburg | Onderhandelbaar |
| 21 | **Uitlaai van graan buite normale werksure** | Alle graan | Alle silo's | Onderhandelbaar |
| 22 | **Beroking van vragte**<br>**Hantering van gradeerdispute** | Alle graan | Arbeidkoste | R450,00 per uur |
| | | | Reiskoste | R5,00 per km |
| | | | Berokingsmiddels | Kosprys plus 15% |

**Notas:**

1. Die hanteringstarief word gefaktureer met lewering.
2. Graan wat op voorraadkontrakte gehou word, se opbergtariewe word maandeliks gefaktureer. Graan wat op sertifikate gehou word se opbergtarief word gefaktureer by indiening van die sertifikate vir kansellasie of oordrag.
3. Tariewe geldig vanaf 01 Oktober 2024 tot 30 September 2025 (uitgesluit die tariewe van mielies wat vanaf 1 Mei 2024 geldig is)
4. Alle tariewe sluit BTW uit.